Die vreemdeling in jou land

SABBATMIDDAG

Skrifverwysing vir hierdie week se studie: *Markus 12:29–31, Deuteronómium 10:1–19, Psalm 146:5–10, Matthéüs 7:12, Deuteronómium 27:19, Jakobus 1:27–2:11.*

Geheueteks: " 'Daarom moet julle die vreemdeling liefhê, want julle was vreemdelinge in Egipteland' " (*Deuteronómium 10:19***).**

Soos ons verlede week gelees het, toe Hy deur 'n skrifgeleerde gevra was oor " 'die eerste gebod van almal' " *(Markus 12:28)*, het Jesus bevestig dat God "'n enige Here is'", en toe gesê: " ' "en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod'" *(Markus 12:30)*.

Maar, toe hou Jesus aan met praat, " 'En die tweede, hieraan gelyk'" *(Markus 12:31)*, iets wat die skrifgeleerde nie voor gevra het nie. Maar, omdat Hy geweet het hoe belangrik dit is, het Jesus gesê: " 'En die tweede, hieraan gelyk, is dit: " 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie.' " *(Markus 12:31)*.

Geen ander *gebod* groter as dié nie? Jesus het liefde teenoor God en liefde teenoor jou naaste een gebod gemaak, en verklaar dat daardie gebod die grootste van almal is.

Weer het Jesus nie met iets nuuts vorendag gekom wat die Jode nog nooit gehoor het nie. Die oproep om Hom bo alles lief te hê, en die idee om jou naaste en ander mense lief te hê om sodoende jou liefde vir God te toon, het Hy uit die boek van Deuteronómium aangehaal.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 30 Oktober.*

Julle moet julle harte besny

Deuteronómium 10 wat eintlik 'n voortsetting van Deuteronómium 9 is, is basies God se herbevestiging van die verbond wat Hy met Israel gesluit het. Hierdie boek beskryf in 'n groot mate 'n verbondshernuwing. Dit wil sê, selfs na hulle verskriklike sonde by Horeb, kort nadat Moses hulle vir 'n klein rukkie alleen gelaat het en hulle in afgodediens verval het, was die Here nog nie klaar met hulle nie.

Lees **Deuteronómium 10:1–11. Wat gebeur hier wat ons help om te verstaan dat God sy volk se sonde vergewe het en die verbondsbelofte herbevestig het wat hy met hulle en hulle voorvaders gesluit het?**

_____

_____

Moses het die Tien Gebooie stukkend gegooi *(Deuteronómium 9:17)* — 'n teken dat die verbond verbreek was *(Deuteronómium 32:19)*. "Om sy afsku aan hulle misdaad te betoon, het hy die kliptafels neergegooi, en hulle is voor die oë van die hele volk verbreek. Dit was 'n aanduiding dat God Sy verbond met hulle verbreek het net soos hulle hulle verbond met Hom verbreek het." — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 320.

Die feit dat God vir Moses gesê het om nuwe kliptafels te kap "soos die eerstes" en Hy weer die woorde wat op die eerstes was op die kliptafels geskryf het, het getoon dat God die volk vergewe het en selfs daarna nie met hulle klaar was nie.

Lees **Deuteronómium 10:14–16. Wat sê God hier vir hulle? Wat is die betekenis van die beelde wat die Here hier gebruik?**

_____

_____

Daar is 'n mengsel van beelde hier: die voorhuid, die hart, die nek. Maar, die punt wat gemaak word, is duidelik. Die besnydenis was 'n teken van die verbond, maar was net 'n *uiterlike* teken. God wou hulle harte hê, d.w.s., hulle verstande, hulle toegeneentheid, hulle liefde. Die beeld wat hardnekkigheid voorgestel het, het doodeenvoudig getoon hoe hardkoppig hulle was om die Here gewilliglik te gehoorsaam. En eintlik, hier en ook op 'n ander plek, was die Here besig om aan hulle te sê om hulle verdeelde lojaliteite te stop en Hom met hulle hele hart en siel te dien.

Dink aan al die kere wat die Here jou sondes vergewe het. Wat sê dit aan jou oor sy genade?

Jy moet die vreemdeling liefhê

Te midde van hierdie vermanings verklaar Moses: " 'Kyk, aan die Here jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is.' " *(Deuteronómium 10:14)*. Wat 'n kragtige uitdrukking van die Oppermag van die Here, 'n gedagte wat ook in ander dele van die Bybel gevind word: "Die aarde behoort aan Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;" *(Psalm 24:1)*.

Lees **Deuteronómium 10:17–19. Watter ander verklaring oor die Here maak Moses hier? Wat selfs nog meer belangrik is, watter bevel gee God aan sy volk as gevolg van hierdie verklaring?**

_____

_____

Yahweh is nie net die Alleenheerser van hemel en aarde nie, Hy is ook die "God van die gode en die Here van die here" *(Deuteronómium 10:17)*. Dit beteken nie dat daar wel ander gode bestaan nie, die mindere gode, soos die gemaakte gode wat die heidene rondom hulle aanbid het. Dit is eerder 'n manier om te sê dat Hy totale Opperheerskappy oor alle ander kragte, wesenlik of denkbeeldig, of in die hemel of op die aarde, het (" "Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie;" " [*Deuteronómium 32:39*]).

Die versie sê ook dat Hy " 'die grote, magtige en gedugte God [is] wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie;' " Hierdie is alles deel van die groter boodskap: Yahweh is jou God, en jy, sy volk, moet Hom gehoorsaam.

Ons sien hier ook 'n skerp teenstelling. Ja, Yahweh is die God van die gode en die Here van die here, die Oppermagtige Heerser wat alle dinge wat geskape is in stand hou *(Kolossense 1:16, 17),* maar wat ook reg aan die wees en die weduwee en die vreemdeling verskaf, en wat sy besorgdheid teenoor hulle toon deur in hulle onmiddellike behoeftes te voorsien. Die God wat sien wanneer 'n mossie op die aarde val (*Matthéüs 10:29)*, weet van die ellendige toestand van die armes. Met ander woorde, die Here sê aan sy volk, *so, julle is miskien 'n geroepe volk wat spesiaal is, en Ek het julle lief, maar Ek is ook lief vir die ander mense, wat die armes en hulpbehoewendes by julle insluit. En net soos Ek hulle liefhet, so moet julle hulle ook liefhê. Hierdie vereiste is een van julle verbondsverpligtinge en daarby ook 'n belangrike een.*

Lees Psalm 146:5–10. Watter boodskap in hierdie Psalm weerspieël wat God hierbo sê, en wat moet dit vir ons as Christene vandag beteken?

_____

_____

Want julle was ook vreemdelinge in Egipte

“ ‘Daarom moet julle die vreemdeling liefhê, want julle was vreemdelinge in Egipteland’ ” *(Deuteronómium 10:19)***.**

Watter boodskap word hier aan aantieke Israel gegee? En wat moet die boodskap in hierdie vers ook vir ons wees?

_____

_____

Eeue vroeër het die Here aan Abram gesê: “ ‘Weet vir seker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in die land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank’ ” *(Génesis 15:13; lees ook Génesis 17:8 en Handelinge 13:17)*. Dit het natuurlik so gebeur, en in die eerste hoofstukke van Exodus is die verhaal van hulle dramatiese redding *(Exodus 15:13)* en verlossing *(Exodus 14:13)* uit Egipte opgeskryf vir die nageslag, ’n simbool, ’n tipe, van die redding en verlossing wat aan ons in Christus Jesus gegee word. In hierdie vers wil die Here hê dat ons moet onthou waar hulle was en wie hulle was — vreemdelinge in ’n ander land.

Met ander woorde, onthou toe julle die uitgeworpenes van die land was, verstotelinge, selfs slawe, en dus aan die genade van die wat sterker as julle was, oorgelaat was om mishandel te word, en wat toe inderdaad ook gedoen was. En hoewel Israel ’n uitverkore nasie was wat deur God geroep was, ’n “koninkryk van priesters” *(Exodus 19:6)*, en ondanks die feit dat daar verskille tussen hulle en ook vreemdelinge onder hulle was — veral met betrekking tot godsdienstige praktyke — as dit met “menseregte” te doen gehad het, moes die vreemdeling, die weduwee en die weeskind dieselfde regverdige behandeling as Israeliete, ontvang het.

Lees Matthéus 7:12. Hoe word dit wat die Here aan antieke Israel gesê het met betrekking tot hoe die swakkes onder hulle behandel moes word, in hierdie vers saamgevat?

_____

_____

Hierdie vermaning oor hoe Israel die uitgeworpenes moes behandel, was geensins die norm in die antieke wêreld nie, want verstotelinge was soms geensins beter as diere behandel nie, indien dit nie erger was nie.

In teenstelling hiermee moes Israel anders gewees het, ’n lig vir die nasies rondom hulle. En ja, hierdie verskil sou hulle in die God wat hulle aanbid het, in hoe hulle Hom aanbid het en in die hele godsdienstige stelsel van die waarheid wat God aan hulle gegee het, gevind het. Hulle vriendelike optrede teenoor die verstotenes kon ’n kragtige getuienis aan die wêreld van die voortreflikheid van hulle God en van hulle geloof gewees het, wat in een opsig die rede vir hulle bestaan was, naamlik om getuies vir hulle God in die wêreld te wees.

Oordeel regverdiglik

Ons as gelowiges is geroep om die karakter van God te weerkaats. Paulus skryf, "my kinders, vir wie ek weer in barenssnood is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry" *(Galásiërs 4:19)*. *Ons was, per* slot van rekening, oorspronklik "na die beeld van God" geskape *(Génesis 1:27)*, 'n beeld wat later deur sonde geskend was. En soos ons gesien het, toe Moses oor die mag en majesteit van God gepraat het, het hy ook gesê dat God iemand is wat nie die persoon aansien nie en ook geen omkoopgeld aanneem nie, en dat Hy vir die swakkes en die verstotenes omgee. As God dit doen, moet ons dus ook dieselfde doen.

Lees die volgende verse in Deuteronómium. Wat het hierdie verse met mekaar in gemeen?

*Deuteronómium 1:16*_____

*Deuteronómium 16:19*_____

*Deuteronómium 24:17*_____

*Deuteronómium 27:19*_____

Dit is oor die algemeen bekend hoe die swakkes, die armes en die uitgeworpenes nie dieselfde "regverdige" behandeling in die meeste mensehowe ontvang as diegene wat geld, mag en verbintenisse het nie. Dit maak nie saak watter land, tydvak, kultuur, dit is nie, of hoe loofwaardig die regsbeginsels en regverdigheid is wat in konstitusies of wette of wat ook al vervat is nie; die werklikheid bly dieselfde: die armes, die swakkes en die verworpenes geniet nie dieselfde regverdige behandeling as ander nie.

Dit is wat so merkwaardig is oor wat die Here self hier sê. Hierdie onregverdigheid, wat oral oor gevind word, moet nie deur Israel, deur God se volk, hulle wat Hom in die wêreld moet verteenwoordig, toegepas word nie. In 'n sekere sin, om moderne terminologie te gebruik, die Here wou gehad het dat daar "'n regverdige regspraak" in antieke Israel moes plaasvind.

Maar dit is meer diepliggend as net regspraak.

""Heilig moet julle wees, want Ek, die Here julle God, is heilig"" *(Levítikus 19:2)*. Ja, hulle het geweet wie die ware God was, en hulle het die regte aanbiddingstelsel gehad, en hulle het die regte tipes offergawes gebring. Dit was alles in plek. Maar op die ou einde, wat het dit gehelp as hulle die swakkes en armes onder hulle mishandel het? Oor en oor het die Here deur die profete teen die verdrukkers van die armes en die behoeftiges in Israel uitgevaar. Hoe kan jy "heilig" wees en tegelykertyd ander mishandel? Jy kan nie, maak nie saak hoe streng jy die regte godsdienstige rituele sou nakom nie.

Lees Amos 2:6; 4:1 en 5:11; Jesaja 3:14, 15 en 10:1, 2; en Jeremia 2:34. Wat sê die profete wat weerspieël waarteen die Here antieke Israel gewaarsku het? Wat sê hierdie woorde nou aan ons?

Reine godsdiens voor God

Lees **Deuteronómium 24:10–15. Watter belangrike beginsels word hier bewoord oor hoe ons diegene oor wie ons toesig hou, moet behandel?**

_____

_____

Hier sien ons weer die Here se besorgdheid oor basiese menswaardigheid. Iemand skuld jou iets, en dis tyd om in te vorder — sal jy die persoon met respek, met waardigheid, behandel? Moenie inbars in die persoon se huis en dit wat geskuld word, sommer net eis nie. Wag buite en laat die persoon dit vir jou bring. Deuteronómium 24:12 en 13 sê dat as 'n arm mens jou sy kleed as "pand" gee, moet jy hom ten minste toelaat om in sy kleed te kan slaap. Die verse wat daarna volg, brei uit oor hoe jy die arm persoon wat vir jou werk wat so maklik onderdruk kan word, moet behandel. Moenie hulle verdruk nie, want in die oë van God is dit 'n sonde, en sekerlik ook 'n ernstige sonde. Weereens, as Israel God se getuies moes wees, 'n heilige volk wat in waarheid moes wandel te midde van 'n wêreld wat aan dwaling, afgodediens, boosheid en sonde onderhewig was, behoort hulle sekerlik teenoor die swakste en mees verstote persone onder hulle, vriendelik gewees het. Andersins sou hulle getuienis niks beteken het nie.

Lees **Jakobus 1:27–2:11. Wat sê Jakobus hier wat weerspieël wat die Here aan sy volk in Deuteronómium gesê het? Wat is belangrik omtrent die feit dat Jakobus in hierdie verse die mishandeling van die armes met die Tien Gebooie verbind?**

_____

_____

Alhoewel daar niks in die Tien Gebooie is wat *direk* verband hou met hoe die rykes die armes behandel nie, maak dit 'n bespotting van jou belydenis van geloof as jy die letter van die wet streng nakom en daarop aanspraak maak dat jy die gebooie hou terwyl jy terselfdertyd die armes en behoeftiges te na kom. Om jou naaste lief te hê soos jouself weerspieël die hoogste agting vir die wet van God — en dit is nou net soveel teenswoordige waarheid as wat dit in Jakobus se tyd was, en as wat dit was toe Moses met Israel op die grense van die Heilige Land gepraat het.

Waarom moet ons as Sewendedag-Adventiste wat wetsonderhouding ernstig opneem, seker maak dat ons ook die woorde van Jakobus en Deuteronómium ernstig opneem? Gegewe wat ons in Jakobus lees, waarom behoort ons geloofsoortuiging oor wetsonderhouding ons besluit om die armes en die behoeftiges te help, te versterk?

Vir verdere studie: Dit is moeilik om 'n denkbeeld te vorm van hoe selfs gedurende die beste tye, soos toe Dawid en Salomo regeer het, die volk Israel so geseënd was deur God en tog nog die armes, die hulpeloses en die uitgeworpenes onder hulle verdruk het.

"Daarom, omdat julle die arm man vertrap en van hom 'n heffing van koring neem, het julle huise van gekapte klippe gebou, maar julle sal nie daarin woon nie; julle het pragtige wingerde geplant, maar julle sal die wyn daarvan nie drink nie. Want Ek weet dat julle oortreding menigvuldig en julle sondes geweldig is, julle wat die vyande is van die regverdige, wat omkoopgeld aanneem en die behoeftiges wegstoot in die poort." *(Amos 5:11, 12)*.

"Die HERE gaan na die gereg met die oudstes en die vorste van sy volk, ja, julle het die wingerd afgewei; wat aan die arm man ontroof is, is in julle huise.' " *(Jesaja 3:14)*.

Vrae vir bespreking:

❶ Israel moes daaraan herinner word dat hulle "vreemdelinge" in Egipte was, en een rede daarvoor was dat hulle die vreemdelinge en uitgeworpenes in Israel so moes behandel soos wat hulle graag self behandel wou gewees het toe hulle die verstotenes was. Wat is die verband tussen hierdie waarheid en die evangelie as daar in gedagte gehou word dat ons deur die bloed van Jesus vrygemaak was van die slawerny van sonde? Waarom, en op watter ooreenkomstige maniere, moet wat Jesus vir ons gedoen het inwerk op hoe ons ander mense behandel, veral die hulpeloses of behoeftiges onder ons?

❷ Dink na oor die volgende: Ons kan op die regte dag aanbid, die waarheid oor die dood, die hel en die merk van die dier en nog meer verstaan. Dis goed en wel. Maar wat help dit ons as ons ander mense lelik behandel, of die swakkes onder ons verdruk, of 'n onregverdige oordeel oor hulle uitspreek wanneer 'n situasie ontstaan waar daar geoordeel moet word? Waarom, veral omdat ons die waarheid ken, moet ons ekstra versigtig wees om nie te dink dat, op een of ander manier, net deur die waarheid te ken, dit al is wat God van ons verwag nie? Waarom is dit 'n moontlike valstrik vir ons?

❸ Watter rol moet ons geloof speel om ons te help om die begrip wat oor die algemeen na verwys word as "menseregte", te verstaan?